# 212. VADER, ONS EER U

```
        C          F
1.      Vader, ons eer U,
        G               C
        ons loof U, ons aanbid U,
        Em             F              G
        U wat heel die skepping onderhou.
        C             F    E              Am
        U gee son en reën, ons ontvang U seën;
        F                  G            C
        heel die skepping wentel om U trou.

        C           F
2.      Heil'ge Yahshua,
        G               C
        ons loof U, ons aanbid U.
        Em           F           G
        Ons is U gemeente hier tesaam.
        C                 F   E            Am
        Hoor ons as ons sing, U ons loflied bring.
        F                  G            C
        Ons, U vrygekooptes, prys U Naam.

        C             F
3.      Trooster, ons eer U,
        G               C
        U woon ook in ons harte.
        Em                F           G
        Heil'ge Gees ons is met U gedoop.
        C           F   E           Am
        U wat rig en lei, staan ons altyd by,
        F                G            C
        U versterk ons gees, U gee ons hoop.
```